

Romeine 8: 31-39

*Y 31: Wat is ons gevolgtrekking oor alles wat ons tot nou toe gesê het?
Dit: God is aan ons kant, Wie sou dit dan nog waag om teen ons te wees.
Y 37: Al gebeur hierdie verskriklike dinge met ons, is ons nogtans oorwinnaars. Ons deel in Christus se reuse oorwinning omdat Hy ons liefhet.*

Wie is HCS?

Hebron Christenskool is 'n ouerbeheerde Christenskool wat as onafhanklike skool by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement geregistreer is. Die skool word nie deur 'n gemeente of denominasie beheer nie. Die volle laerskoolfase vanaf graad 1 tot 7 word gedek.



Geskiedenis

Die stigterslede van Hebron Christenskool glo dat die inisiatief vir hierdie skool uit God se hart kom en dat Hy lank voor die skool 'n aanvang geneem het, reeds die saak in mense se harte geplant en omstandighede beskik het om dit te laat gebeur.

Doelstelling

Hebron Christenskool se visie is om elke kind se volle potensiaal te ontwikkel, na die beeld van God en as dissipel van Jesus Christus, deur Christusgesentreerde, Bybelgefundeerde, kwaliteitonderrig in samewerking met wedergebore Christenouers en die gemeente van Jesus Christus in die omgewing.



Beleidsbeginsels

Om uitvoering te gee aan die skool se doelstellings, funksioneer Hebron Christenskool op die volgende vyf basisbeginsels.

1. Christusgesentreerde onderrig
2. Dissipelskap
3. Kwaliteit-onderrig
4. Intensiewe ouerbetrokkenheid
5. Bekostigbaarheid



Wie bestuur die skool?

'n Beheerliggaam (genoem die ouerdienstliggaam - ODL) word teokraties deur die ouers aangewys. Die ODL bepaal die beleid van die skool en stel die skoolhoof en die onderwysers/esse aan.

Kinderkinetika

Kinderkinetika, sang en kuns vorm deel van die leerplan. Gereelde opvoedkundige uitstappies word gereël en uitreikaksies vind plaas om dissipelskap aan te wakker en primêr God se Woord te verkondig met sang, dans, mimiek en poppekas.



Onderwysers/esse

Goedgekwalifiseerde onderwysers met 'n onderwys kwalifikasie, hetsy graad of diploma, wat wedergebore Christene is, word aangestel.

Buitemuurse aktiwiteite

Buitemuurse aktiwiteite wat tans aangebied word, sluit in swem (somer), atletiek (huissport en interskole byeenkoms), netbal, tennis, mini-hokkie en sokker. Daar word ook skaak aangebied. Ouers reël self vir afrigting in aktiwiteite wat nie deur die skool aangebied word nie, soos bv. stoei, ballet, gimnastiek ens.

Befondsing

Skoolfooië is maandeliks vooruitbetaalbaar. Van ouers word verwag om 'n geloofspad saam met die skool te stap waarin die Here die Een is wat in die skool en ouers se behoeftes voorsien. Hy wat geroep het, is getrou!



Ons bied ook nasorg aan elke middag na skool tot 17h30, asook gedurende twee vakansies.


Affiliasie met ander liggame

1. Association of Christian Schools International (ACSI) is 'n internasionale Christenskoolorganisasie met takke in meer as 100 lande. Hulle bied 'n wêreldwye, asook plaaslike netwerk van steun op alle vlakke van onderwys aan - spesifiek Christenonderwys. Ons is ten volle met hulle geaffilieer.



Wie kan toelating kry by Hebron Christenskool?

'n Dissipelskapmodel word gevolg, wat beteken dat wedergebore Christenouers tot die skool toegelaat word. Die skool is 'n voortsetting van die opvoeding wat die kind in sy ouerhuis ontvang.



Skoollied

Meer as Oorwinnaars

Wat sal ons sê van al hierdie dinge,
as God vir ons is, wie kan teen ons wees.
Ons is tot alles in staat in Christus Jesus
Niks en niemand kan ons keer.

Koor x 2

Ons is nou meer as oorwinnaars,
meer as oorwinnaars,
Meer as oorwinnaars in Sy Naam.
Ons is nou meer as oorwinnaars in
Christus Jesus
In alles sal ons triomfeer.



HEBRON Christenskool

Tel: (021) 919 6356

Skoolhoof: Annalie Fölscher

Adres: Hebronstraat 3

Oakglen

Bellville

Tel: (021) 919 6356

Faks: 086 6717 472

E-pos: admin@hebronchristenskool.co.za

Webtuiste: www.hebronchristenskool.co.za

Onderrig na God se Hart

